THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Vol. 17 PRETORIA, 21 APRIL 2011 No. 81

**IMPORTANT NOTICE**

**The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.**

**Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.**

## CONTENTS • INHOUD


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **GENERAL NOTICES** | | |
| 1163 | Town-planning and Townships Ordinance (25/1965): Declaration as an approved township: The Reeds Extension 27 | 3 | 81 |
| 1164 | do.: Centurion Amendment Scheme 1546C | 7 | 81 |

# GENERAL NOTICES

## NOTICE 1163 OF 2010

**DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP**

In terms of Section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares The Reeds Extension 27 township to be an approved township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

**DPLG 11/3/9/1/C/4**

**SCHEDULE**

**CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY DWELLING DEVELOPMENTS (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 43 (A PORTION OF PORTION 39) OF THE FARM BRAKFONTEIN NO. 419-J.R., PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED**

**1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**

**(1) NAME**

The name of the township shall be The Reeds Extension 27.

**(2) DESIGN**

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. 8035/2005.

**(3) STORMWATER DRAINAGE AND STREET CONSTRUCTION**

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of storm water throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in sub clause (b).

(d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

**(4) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE**

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding:

(a) the following servitude as set out on page 2 of Deed of Transfer T174662/2004 which does not affect the township area:

"The within mentioned property is subject to a pipeline servitude indicated by the figure pqrstKuv on Diagram S.G. No. 9502/2004 in favour of the Rand Water Board as will more fully appear from Notarial Deed K2972/1977S"

(b) the following servitude as set out on page 2 of Deed of Transfer T174662/2004 which does not affect the township area:

"the within mentioned property is subject to a servitude of right-of-way indicated by figure MabcdefghCDEFGHJKL on Diagram S.G. No. 9502/2004 attached hereto in favour of the City Council of Verwoerdburg as will more fully appear from Deed of Cession No. K1546/1985S."

(c) The following servitude endorsement set out on page 4 of the Deed of Transfer T174662/2004, which does not affect the township:

"A servitude of right of way in favour of the City of Tshwane Metropolitan Municipality as shown on Diagram S.G. No. 8026/2005 and Notarial Deed K117/2006S".

**(5) CONSOLIDATION OF ERVEN**

The township owner shall at his own expense cause Erven 3923 and 3924 in the township to be consolidated.

**(6) DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES**

The township owner shall at it's own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

**(7) REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES**

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

**3. CONDITIONS OF TITLE**

The erven shall be subject to the following conditions imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(1) The erf is subject to a servitude, 3m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 3m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large - rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

***ID5938***

# KENNISGEWING 1163 VAN 2011

**VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge Artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp The Reeds Uitbreiding 27 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

**DPLG 11/3/9/1/C/4**

**BYLAE**

**VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DWELLING DEVELOPMENTS (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 43 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 39) VAN DIE PLAAS BRAKFONTEIN NO. 419-J.R., PROVINSIE GAUTENG, TOEGESTAAN IS**

**1. STIGTINGSVOORWAARDES**

**(1) NAAM**

Die naam van die dorp is The Reeds Uitbreiding 27.

**(2) ONTWERP**

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. 8035/2005.

**(3) STORMWATERDREINERING EN STRAATBOU**

(a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursneë en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlike aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin, tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê.

Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

(d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

**(4) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES**

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd -

(a) die volgende serwituut soos uiteengesit op bladsy 2 van Akte van Transport T174662/2004, wat nie die dorp raak nie:

"The within mentioned property is subject to a pipeline servitude indicated by the figure pqrstKuv on Diagram S.G. No. 9502/2004 in favour of the Rand Water Board as will more fully appear from Notarial Deed K2972/1977S"

(b) die volgende serwituut soos uiteengesit op bladsy 2 van Akte van Transport T174662/2004, wat nie die dorp raak nie:

"the within mentioned property is subject to a servitude of right-of-way indicated by figure MabcdefghCDEFGHJKL on Diagram S.G. No. 9502/2004 attached hereto in favour of the City Council of Verwoerdburg as will more fully appear from Deed of Cession No. K1546/1985S."

(c) die volgende serwirtuut endorsement soos uiteengesit op bladsy 4 van Akte van Transport T174662/2004, wat nie die dorp raak nie:

"A servitude of right of way in favour of the City of Tshwane Metropolitan Municipality as shown on Diagram S.G. No. 8026/2005 and Notarial Deed K117/2006S".

**(5) KONSOLIDASIE VAN ERWE**

Die dorpseienaar moet op eie koste Erwe 3923 en 3924 in die dorp, laat konsolideer.

**(6) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE**

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

**(7) VERSKUIWING OF DIE VERVANGING VAN MUNISIPALE DIENSTE**

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

**2. TITELVOORWAARDES**

Die erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes, opgelê deur die Administrateur, ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(1) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 3 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 3 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(2) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

## NOTICE 1164 OF 2011

**CENTURION AMENDMENT SCHEME 1546C**

The Administrator hereby declares, in terms of the provisions of Section 89 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that he has approved an amendment scheme, being an amendment of Centurion Town-planning Scheme 1992 comprising the same land as The Reeds Extension 27 Township.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Gauteng Provincial Government, (Department of Economic Development), Johannesburg and the Town Clerk, Centurion, and are open for inspection at all reasonable times.

The amendment is known as Centurion Amendment Scheme 1546C.

**DPLG 11/3/9/1/C/1546**

***ID5938***

---

## NOTICE 1164 OF 2011

**CENTURION WYSIGINGSKEMA 1546C**

Die Administrateur verklaar hiermee, ingevolge die bepalings van artikel 89 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe ,1965, dat hy 'n wysigingskema, synde 'n wysiging van Centurion dorpsbeplanningskema 1992 wat uit dieselfde grense bestaan as die dorp The Reeds Uitbreiding 27, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Gauteng Provinsiale Regering, (Departement van Ekonomiese Beplanning), Johannesburg, en die Stadsklerk, Centurion, en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Centurion Wysigingskema 1546C

**DPLG 11/3/15/C/1546**